

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

05/02

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:

Ring van Dordrecht (2011 – 2012)

Titel van Projek:

Uitreikende eredienste vir Ugie Gemeente

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Willem Schoeman
Posadres:	Posbus 86 Ugie 5470
E-pos:	wdschoeman@yahoo.com
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	
Selfoon:	0836078790

	21 September 2010
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____, dat hierdie projek op _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die doel van die projek is om vir Ugie gemeente te help om meer uitreikende, dinamiese eredienste hê, sodat

1. hulle daarmee meer van die talle nuwe intrekkers wat die afgelope jare op die dorp gekom het na die eredienste kan lok
2. en sodat daar van tyd tot tyd dinamiese jeugdienste wat oor taal- en kultuurgrense heen strek gehou kan word. (Ugie se koshuise huisves Xhosa tieners vanoor die hele Transkei.)

Ugie doen reeds alles in hulle vermoë om dinamiese eredienste te hou, maar vra die Sinode om te help met die aankoop van 'n beter klankstelsel, asook twee dataprojektors. 'n Gedeelte van die bedrag van hierdie aankoop sal Ugie gemeente self finansier. Verder sal Ugie ook ander verbeteringe wat ons aan die kerk wil maak soos die aankoop van 'n tapyt, gordyne en ander benodighede finansier. Die aankoop van gordyne is vir ons noodsaaklik aangesien die kerk 'n weerklank het en tydens oggenddienste is die kerk oorbelig vir die gebruik van 'n dataprojektor.

Motivering:

Ugie se besondere situasie en geleentheid:

Ugie gemeente is baie klein en tog slaag hulle elke jaar daarin om deur die Here se genade genoeg fondse te bekom om te oorleef. Om te oorleef beteken egter dat hulle nie 'n voltydse leraar kan bekostig nie. Ugie staan nou voor die besondere geleentheid dat met die aanbou van die nuwe fabriek heelwat nuwe inwoners in die dorp ingetrek het. Daar is selfs 'n nuwe uitbreiding 'the village' gebou. Baie van hierdie inwoners kom van stedelike plekke waar hulle eredienste met beter tegnologie gewoond was. Van die nuwe inwoners het self in gesprekke wat ons met hulle gevoer het gesê dat hulle Ugie se eredienste as te tradisioneel en die kerk in die algemeen as tien jaar agter die tyd beleef. Ugie probeer die eredienste so dinamies as moontlik maak met 'n kerkraadslid wat mense by die deure verwelkom, besondere kooruitvoerings, aktuele prediking en 'n begeleidingspan van sangers en kitaarspelers. Intussen moet die gemeente egter met 'n uiters primitiewe klankstelsel klaarkom. Dit is ook onprakties om tydens oggenddienste woorde 'n skerm te gooi aangesien die kerk oorbelig is. Om hierdie probleem te oorkom en die weerklank wat daar in die kerk is, is dit noodsaaklik dat gordyne opgesit word. Die materiaal hiervoor is reeds aangekoop uit ons eie fondse en die vrouens is besig om die gordyne te maak. As gevolg van die argitektuur van die kerk is dit nie maklik om 'n skerm op te sit waar almal dit kan sien nie. Al wat sal werk is twee projektors wat weerskante van die preekstoel beelde teen die muur gooi. Ugie gemeente kan nie die installering van al hierdie nuwe tegnologie bekostig nie aangesien hulle baie hard moet werk net om te oorleef. Indien hulle egter hierdie stap kan maak, kan dit moontlik baie meer mense lok en kan dit nuwe finansies inbring. Ons het vir Pinkster 2010 vir ds Jannie Pelsers laat kom en hy moes sy eie klanksisteem saambring. Dit was 'n baie geseënde geleentheid, maar Jannie het ook vir ons gesê ons sal nie kan voortgaan met die primitiewe stelsel wat ons het nie.

Hoe hierdie aansoek in lyn is met die riglyne van die Sinode:

- Ugie sal op die langtermyn nie kan oorleef, indien die gemeente nie die toets slaag om juis nou te groei nie.
- Hierdie projek is 'n eenmalige belegging. Die gemeente kan dit andersins nie bekostig nie. Dit behoort egter nuwe energie, 'n nuwe bediening en nuwe groei in die gemeente te bring. Die huidige sangbegeleidingspan droom van eredienste waarin die lofprysing ook vir die hedendaagse generasie 'n belewenis is.
- Die Sinode beskryf die ideale projek as een wat net 'n aanvanklike bedrag nodig het en wat later self fondse sal genereer. Ons glo dat dit presies is wat hierdie projek op Ugie is.
- Ugie gemeente is ook bereid om 'n groot deel van die projek self te finansier. Ons beplan om reeds einde 2010 'n fondsinsameling te hou en hoop om op die ou end so min as moontlik van die Sinode se fondse te gebruik.
- Ons hoop om eredienste aan te bied wat mense sal lok oor kultuurgrense heen en om die kerk 'n meer toeganklike plek vir jongmense en tieners te maak.

'n Persoonlike opmerking:

Die aansoek mag dalk selfsugtig vir ons gemeente klink, maar ek wil net graag die volgende noem: Ugie het in die verlede in die Ring van Dordrecht die leiding geneem in verskeie uitreike wat gehou is soos byvoorbeeld Kidsgames, sokkeruitreike na die Transkei en kontak met die Xhosa gemeenskap.

Deur die loop van Ugie se geskiedenis het mense wat later groot spore getrap het die Here hier op Ugie leer ken. Die beste voorbeeld is ds Solly Ozrovech. Ons wil graag steeds 'n Huis van Hoop wees vir die talle mense en jongmense wie se lewenspaadjie deur Ugie loop en hoop dat mense hier 'n verdieping in hulle geestelike lewe sal ervaar. Ugie het 'n passie vir mense in nood en vir onbereikte mense. Hierdie visie na buite sal egter nie lewensvatbaar wees as ons eie gemeente nie self lewensvatbaar is nie. Ons sal self moet groei en dit 'n prioriteit maak, dan sal daar ook meer mense en fondse beskikbaar wees vir uitreike na buite.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

NG Gemeente Ugie: groei en vernuwing.
 'The Village' ~ nuwe uitbreiding op Ugie met PG Bison werkers.
 Jongmense en tieners in Ugie omgewing.
 Xhosa kinders woonagtig aan die skoolkoshuis op Ugie.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Installeer van nuwe gordyne (Wat Ugie gemeente self finansier)	Einde Oktober 2010
Aankoop van klanktoerusting	Desember 2010
Installeer van klankstelsel, dataprojektors, rekenaar en klankbord.	Januarie/Februarie 2011
Insit van nuwe tapyt, tafels en versiering voor in die kerk. (Wat Ugie gemeente self finansier)	Januarie/Februarie 2011

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Susters van die gemeente Sny en maak die gordyne	Ugie gemeente
Elektriese ingenieur van PG Bison help met die installeer van die klankstelsel en rekenaar.	Ugie gemeente
Insit van tapyt	Border Flouring (Oos-London)

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Insamelings vir gordyn materiaal	R10,000 (reeds ingevorder)
Bedrag op belegging	R10,000
Beplande insamelings	R15,948
TOTAAL:	R35,948

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
KLANKSTELSEL	
Klankkwotasies van Musikland in PE	
2 Titan 15 luidsprekers (Whalfedale)	R4800
1 B1200 Kragversterker (Hybrid)	R2960
1 2442 16 kanaal menger (Behinger)	R4799
5 AT860 mikrofone (JJS)	R1382
4 BL-3 Mikrofoonstaanders (Samson)	R847
2 Luidspreker kabels (P-Audio)	R315
2 'patch cables' (P-Audio)	R85
DATAPROJEKTORS	
Dataprojektor kwotasies van NolteProductions in Pretoria	
2 OPTOMA EX615 dataprojektors	R16555 R16555 (afslag kan beding word)
Gordynmateriaal (Het reeds fondse ingesamel en aangekoop)	R10000
Rekenaar (Om projektors te beheer en CD's te speel)	R5000 rekenaar R1000 Windows R850 Office pakket
Toesluitkassie vir rekenaar (Bedrag onbekend sal self betaal)	R3000
Nuwe tapyt vir liturgiese ruimte (60m ² @ R130/m ²) Kwotasie van	R7800
Installasie (word deur elektroniese ingenieurs in die gemeente gedoen)	
TOTAAL:	R75,948.00

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	R75,948
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	R35,948
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R40,000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Januarie 2011 (Of so vroeg moontlik 2011)	R40,000
Aankope word reeds Desember 2010 gemaak.	

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Ring van Dordrecht

Ugie Gemeente sal vra dat die nodige betalings deur Dordrecht kantoor aan die betrokke organisasies gedoen word.

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Indien die Sinode self vir Ugie Gemeente met raad en deskundigheid in die verband wil bystaan, is dit welkom. Ons het aangevra soos ons beplanning is.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf